CACHET
APTEEK
U PLUS APTEEK
Tomstraat 92

die WA PAD
Amptelike studentekoerant van die P.U. vir C.H.O. In U lig sien ons die lig.
JAARGANG XXXI NOMMER 13 — VRYDAG 25 JUNIE 1976

PUKKE!
Vir u kleurbaadjies
en
sportbenodigdhede:
Johan Claassen
Broers

DIS NOU EERS KULU DAN VERGEET-MY-NIE



ONMIDDELLIK na afloop van Karnaval '76 is 'n kommissie van die Sentrale Studenteraad aangestel om sekere aangeleenthede i.v.m. Karnaval te ondersoek. Hierdie kommissie het die aangeleenthede ondersoek en die verslag wat hulle opgestel het, is dan ook op 1 Junie 1976 aanvaar deur die Sentrale Studenteraad. Die uitslag van die dameskompetisie en sekere optredes is verder ondersoek sodat die saak eers finaal afgehandel is op die Sentrale Studenteraadsvergadering gehou op 21 Junie 1976.

Die bevindinge en ondersoek van die kommissie is afgehandel onder die volgende afdelings:

1. Kompetisies.
2. Dans gedurende Karnaval.
3. Drankgebruik.
4. Gesindheid teenoor Karnaval.
5. Opruiming van kampus.
6. Trompoppies.
7. Finansies.

Die ondersoek oor die **kompetisies** het o.a. gehandel oor die uitslag, ontevredenheid oor karnavalsette, die pryse, asook die trapkarwedren.

Danse is wel gereël deur individue buite die kampus en nie deur die Karnavalkomitee nie.

Die kommissie het verder bevind dat daar behoorlike kontrole uitgeoefen moet word oor drankgebruik en veral by geleenthede soos 'n bierfees.

Daar was bepaalde klagtes oor die opruiming van die kampus wat deels gespruit het uit misverstande.

Die trompoppies is dan ook weer oor besin, maar meer bepaald die finansiële aspek daarvan.

Daar is ook ingegaan op sekere onthaalkostes, asook kontrole oor eerstejaarskollektelyste en kollektebussies.

Daar is nog verskeie ander administratiewe sake ondersoek. Die meeste van bg. aangeleenthede het toe aanleiding gegee tot die volgende aanbevelings, wat dan ook so deur die Sentrale Studenteraad aanvaar is:

1. 'n Deeglike kontrolekaart van die puntestand van elke koshuis afsonderlik gehou moet word.
2. Die kontrolekaart enige stadium van die kompetisie deur die huiskomitee nagegaan kan word, sodat alle verskilpunte dadelik uit die weg geruim kan word.
3. Sette 'n maksimum puntetoekenning verkry, of 'n maksimum aantal sette toegelaat sal word.
4. Die reëls rondom karnavalsette omskryf moet word.
5. Pryse deeglik omskryf moet word, en vooraf bekend gemaak moet word.
6. Alle donasies vir die Karnavalkomitee aan die Sentrale Studenteraad bekend gemaak sal word, asook die aanwending van sodanige donasies.
7. Opruiming van die kampus, asook ander terreine wat gebruik word, deeglik aandag sal geniet.
8. Trompoppies, veral na hul optrede, weer besinning moet verg van die Sentrale Studenteraad en die Sentrale Studenteraad finaal oor die aangeleentheid sal besluit met aandag aan die volgende punte:
   a. „Eie karakter".
   b. Finansiële aspek.
9. Onthaalkostes tot 'n minimum beperk sal word.
10. Deeglike kontrale oor kollektebussies gehou moet word, in samewerking met die penningmeesterskantoor.
11. Die publiek in die onderskeie plaaslike koerante ingelig moet word watter kollektebussies gebruik sal word.
12. Indien die Karnavalkomitee wel 'n kleinkas mag aanhou, deeglike boekhouding daaroor uitgeoefen sal word deur die Karnavalpenningmeester.
13 Die finansiële komitee van die Sentrale Studenteraad, met reg op koöptasie, volledig moet ingaan op die inkomste en uitgawes wat aangegaan is deur die Karnavalkomitee.
14. Die gerigtheid van Karnaval meer op studente toegespits sal word, eerder as om gaskunstenaars teen hoë koste te huur.
15. Meer van plaaslike talent gebruik gemaak sal word.
16. Uiters omsigtig met finansies te werk gegaan sal word, deur beheer slegs deur die Karnavalvoorsitter en penningmeester van die Karnavalkomitee.
17. Die uitslag m.b.t. die wenners van die damesafdeling van die kompetisie in heroorweging geneem sal word.

DAMESKOMPETISIE

Noudat al die uitslae behoorlik gekontroleer is deur 'n afsonderlike komitee, is beslis dat die uitslag van die dameskompetisie nie was soos oorspronklik deur die Karnavalkomitee aangekondig nie, maar wel as volg:

1. Kulu — 5 100 punte.
2. Vergeet-my-nie — 4 900 punte.
3. Klawerhof.

SENTRALE STUDENTERAAD

Soweto, Studente en Betogings

'N STUDENT is 'n akademiese wese wat op 'n akademiese wyse besig is met die verwerwing van kennis. Die gevolg is dat waar ons dan as studente ons besig hou met een of ander aktiwiteit, moet ons optrede altyd gekleur wees deur die feit dat ons akademies werksaam is.

Nou is dit verder ook so dat ons nie net studente is nie, maar ook landsburgers. Ons het dus nie net sekere regte en verpligtinge as studente nie, maar ook as landsburgers het ons dan ook sekere regte en verpligtinge. Daarom is dit goed dat ons as studente ook 'n lewendige belangstelling het in onder andere die landspolitiek.

Dit is dan nodig om op die terrein van die landspolitiek ook standpunt in te neem en wel op 'n gemotiveerde wyse. Waar ons dit kan doen, doen ons dit nie net as studente nie, maar ook as landsburger. As burgers van die RSA beoefen ons dan ons politiek in 'n bepaalde struktuur van wet en orde. Die feit dat ons studente is wat ons begeef op die terrein van die politiek, gee ons nie die reg om hierdie struktuur van wet en orde wat vir alle landsburgers geld, te verontagsaam nie.

In dié lig van bogenoemde spreek ons dan ons sterkste afkeur uit oor die verskynsel op sommige kampusse om te vergeet dat hulle ook as landsburgers wat op die politieke terrein optree, politiek beoefen moet word binne hierdie struktuur van wet en orde. Daar bestaan geen regverdiging vir optrede wat die bestaande wet en orde in gevaarstel nie. Waar ons dan wel veranderinge wil bewerkstellig, moet ons dit doen deur die bestaande kanale te gebruik. Ons erken dan ook die noodsaak dat daar wel veranderinge moet kom, maar dan binne die raamwerk van wet en orde.

Verder is dit belangrik dat ons op 'n *akademiese* wyse standpunt moet inneem op 'n gemotiveerde wyse. In die lig hiervan spreek ons, ons dus uit teen enige vorm van betoging, hoe vreedsaam dit ookal geskied. Vir ons is dit geen akademiese wyse van standpuntstelling om met plakkate met slagspreuke aandag te trek nie.

Dit is dan die rede waarom ons as Studenteraad ons sterkste afkeur uitspreek oor die optrede op sommige kampusse. Ons wil eerder die hoop uitspreek dat alle betrokke partye in die Soweto-geskille vreedsaam sal saamwerk tot 'n oplossing in die beste belang van Suid-Afrika.

JOHN PRETORIUS.
SSR-VOORSITTER.

die WAPAD
(Geaffilieer by A.S.P.U.)

Openheid en balans

NOUDAT ons staan aan die einde van 'n semester, kan die geleentheid homself beswaarlik meer van pas voordoen as om alle reëlings en vieringe van hierdie eerste gedeelte van die jaar, af te sluit.

Een van die mees opspraakwekkendste en verreweg die mees prikkelende, is die Karnaval en die omstrede uitslag daarvan. Soos met haas alle kompetisies en wedstryde waaraan ons deelneem, was ook die uitslag van die Karnaval onmiddellik in twyfel getrek. Baie van ons het net „gevoel" dat dit nie regverdig was nie, andere het meer konkrete bewyse vorendag gebring. Dit het, na 'n vlugtige ondersoek deur die Wapad, die Studenteraad genoop om pertinente en prominente aandag om hierdie faset van Karnaval te skenk. 'n Kommissie van ondersoek is gelas. Die kommissie het met groot ywer aan die werk gespring. Heel gou was dit duidelik dat daar, anders as wat aanvanklik gemeen was, rede tot ondersoek was.

Vanaf die kant van die studentemassa het reaksie gevolg en soms verkleinerende kritiek gekom. Ook was heel ongegronde aantyginge 'n verdere rede tot die grondige ondersoek. Valse beskuldigings en aanmerkings wat selfs as lasterlik bestempel kon word, is voor die deur van die Karnavalkomitee gelê. Hulle moes eenvoudig verduidelik. Met niks meer of niks minder sou die studente tevrede wees nie.

Die posisie is ongelukkig so dat namate die ondersoek gestalte begin aanneem het, het die lede om die Karnavalkomitee soms op heel ondubbelsinnige wyse reageer. Dit spreek immers vanself dat daar met sulke optrede 'n meer gekonsentreerde aandag getrek is.

Ongelukkig moet die feit betreur word dat alle studente nie gedurende hierdie periode verantwoordelik opgetree het nie. Die Wapad kan hiervan getuig deur half-histeriese aanvalle vanuit oorde waar dit die allerminste bekostig kan word. Telkens het dit egter gebeur dat sulke aanvalle nie gepubliseer kan word nie, vanweë die feit dat diegene onder skuilname skryf en nie hulle ware identiteit bekend wou maak nie.

Ook sou dit geensins onvanpas wees om te noem dat met bogenoemde optrede die las wat op die kommissie se skouers geplaas is, veelvuldiglik bemoeilik is. Dit is ongelukkig so dat diegene wat verkies om anoniem deel te neem, nie tot deelname toegelaat word nie. Op hierdie stadium kan die Wapad dan nie anders as om bogenoemde feit te betreur nie.


Nou sou dit ook heel uit balans wees indien die Karnavalkomitee sonder enige krediet net ongenaakbaar veroordeel word. Daar is deur die Karnavalkomitee hoë oogmerke gestel en ook oogmerke wat deur sommige van ons as onmoontlik bestempel was. In baie opsigte is voldoen aan hierdie geweldige standaard wat gestel is. Soos met alle reuse ondernemings was dit onmoontlik om aan alle verwagtinge te voldoen. Baie van ons het met 'n vooropgestelde vooroordeel elke nuwe rigting of werkwyse van die Karnavalkomitee met ongekende deeglikheid onder die vergrootglas geplaas en so is daar heel dikwels totaal ongegrond hewig beswaar gemaak.

Ongelukkig het alle reëlings van die Karnavalkomitee nie bloot die weg van sukses en vooruitgang bewandel nie. Daar is tye waar die mees raaiselagtige gedrag bespeur was. Hierdie was dan heel foutiewelik deur die Karnavalkomitee weerhou van die massa.

Dit is hier waar dit ontsteek het in die onenigheid wat gevolg het.

Die mate van onenigheid blyk duidelik uit die besluit van die tugkomitee om ernstig op te tree teen die voorsitter sowel as die ondervoorsitter.

Laat ons aanvaar dat die Studenteraad sy plig doen en laat ons berus by die uitsluitsel van die Studenteraad.



Wat beteken karnaval?

KARNAVAL is 'n term wat die afgelope paar jaar met baie gemengde gevoelens gebruik word. Vir enige eerstejaar is dit iets geheimsinnigs en daar word met groot verwagting daarna uitgesien om vir die eerste maal deel te hê aan hierdie groot geleentheid.

Vir ander is Karnaval een van die uitstaande geleenthede in hulle studentelewe en 'n tydperk wat hulle altyd aan sal terugdink as een waarin hulle ware studentelewe beleef het. Vir ander hou Karnaval 'n bedreiging in vir alles waarvoor die PU vir CHO staan. Vir 'n ander groep is Karnaval 'n teleurstelling.

Al bogenoemde reaksies onderstreep slegs een feit, en dit is dat dit onmoontlik is om alle smake te bevredig, asook die feit dat KARNAVAL tot 'n groot mate is wat elkeen daarvan vir homself maak. As 'n voorbeeld kan ons weer die reaksie en kommentaar ontleed na hierdie afgelope Karnaval. Aan die eenkant was daar klagtes oor swak organisasie op sommige terreine of ander onreëlmatighede of dat daar sekere aksies was wat uitgedien is. Aan die ander kant het baie mense die Karnaval baie geniet en is daar van baie kante lof toegeswaai aan die Karnavalkomitee en deur baie is dit beskou as een van die mees professionele Karnavalle in baie jare.

Dit behoort nou weer eens duidelik te wees dat dit baie moeilik is om 'n Karnaval aan te bied wat in almal se smaak val. In die lig hiervan behoort die Karnavalkomitee bedank te word vir die bloed, sweet en trane wat hulle opoffer om ons Karnaval te organiseer. Dit is 'n ondankbare werk waarvoor hulle min erkenning kry.

Nietemin meen ek dat dit tyd geword het om die hele opset van Karnaval en die doel wat ons daarmee wil bereik, behoorlik te ondersoek en op 'n vaste grondslag te plaas. Alleen op hierdie wyse kan ons baie van die kritiek en ontevredenheid wat jaar na jaar voorkom, uitskakel.

As ons die geskiedenis van Karnaval nagaan vanaf die tydperk dat dit ontstaan het as vreugdedag tot vandag in sy huidige vorm, het Karnaval 'n groot verandering ondergaan. Dit is ook belangrik dat daar veranderinge moes kom omdat die belangstellings en behoeftes van studente verander met die tyd en dat daarby aangepas moet word.

Wat veral van belang is, is dat daar anders as by die oorspronklike Vreugdedag, die klem tans tot 'n baie groter mate val op geldinsameling. Dit behoort dan een van die hoofdoelstellings te wees wanneer so 'n Karnaval aangebied word. Die Karnaval en sy organisasie moet dan aangewend word vir die bereiking van hierdie doelstelling.

Dit is egter nie al doelstelling wat met Karnaval gestel word nie. Dit moet ook by uitstek die gebeurtenis wees waar studente die geleentheid kry om uiting te gee aan hulle studenteoorspronklikheid en studentehumor. Dit is dan veral hierdie faset wat myns insiens baie aandag verdien. Ons kan onsself afvra tot hoe 'n groot mate kom hierdie doelstelling tot sy reg gedurende ons moderne Karnaval.

Die probleem wat tans ervaar word, nie net tydens Karnaval nie, maar trouens dwarsdeur die hele studentelewe, is dat studente nie meer studentelewe wil beleef en hulself wil vermaak nie, maar dat die studentelewe al meer en meer aan die student *aangebied* moet word. Die student het tot 'n baie groot mate traag geword om self die studentelewe daar te stel en te geniet, maar wil eerder die studentepret en studentelewe koop.

Daar is baie faktore wat aanleiding gee tot hierdie verskynsel en dit is onmoontlik om dit in die loop van een artikel uiteen te sit. Nietemin meen ek dat daar eenstemmigheid is dat dit wel die ideaal moet wees dat studente hulleself moet vermaak en self op oorspronklike wyse uiting gee aan hulle studentwees.

Dit is dan die geweldige uitdaging waarvoor enige Karnavalkomitee te staan kom. Aan die een kant is dit absoluut noodsaaklik vir die sukses van enige Karnaval dat die belangstellings en behoeftes van die meerderheid Pukke deeglik in ag geneem moet word. Dit het geen sin om aksies aan te bied wat nie in die smaak val van die meerderheid Pukke nie. Daarom kan die Karnavalkomitee miskien baie daarby baat om 'n behoeftebepaling te maak voordat hulle sekere aksies beplan. Karnaval moet deurentyd aanpas by die tyd en behoeftes van die studente.

Bogenoemde is dan die een faset by die aanpak van die Karnaval. Baie belangriker is egter die feit dat studente self meer betrek moet word by die vermaak en pret en studenteoorspronklikheid. Daarom is dit noodsaaklik dat daar 'n grondige ondersoek kom na hierdie hele aangeleentheid, nl. die rol wat die student self speel tydens Karnaval. Dit het miskien tyd geword dat daar 'n heeltemal nuwe bedeling kom met Karnaval sodat die probleme en klagtes ondervang kan word en sodat daar miskien meer tereg kan kom van die oorspronklike gedagte van Vreugdedag. Laat ons die doel van Karnaval behoorlik bepaal en laat ons dan op verantwoordelike en toegewyde wyse saamwerk tot verwesenliking van hierdie doelstellings.

? KLOKTORING

WAT is die algemene uitgangspunt van 'n persoon wat vakansie hou? Is dit nie om hom los te maak van daaglikse roetine nie, of is dit nie om hom te vrywaar van pligte nie?

Wel ek sal sê dat geen mens hom werklik van roetine en pligte kan losmaak nie. Mense is vandag te tydsgebonde en dit is een van die noodsaaklikhede wat mens nie van pligte en verantwoordelikhede vrywaar nie. Baie mense maak die fout, deurdat hy sy persoonlikheid wil probeer verander wanneer hy met vakansie gaan. Dit is een van die redes wat afbreuk doen aan 'n persoon. Hy moet slegs kan ontspan in dieselfde persoonlikheidsstruktuur as waaraan mens sy karakter ken.

Mense is nie in die posisie om twee persoonlikhede uit te leef nie. Sy innerlike is slegs geformuleer op 'n bepaalde persoonlikheidsstruktuur. Waarom dan twee persone te probeer wees? Ontspan en rus en moenie dat die verandering mens passief maak nie. 'n Vakansie behels tog om mens liggaamlik en geestelik te laat rus. Dit sê nou geensins dat 'n persoon heeltemal passief moet wees nie. Hy kan homself benadeel. Om vir 'n maand heeltemal passief te wees, sal sorg dat 'n persoon na die vakansie 'n tyd sal benodig om weer aktief in sake te deel.

Dit wil sê ontspan maar deel tog in die dinge wat van belang is. Moenie totaal wegbreek van die noodsaaklikheid nie. Mens neem te lank om weer die pad te leer ken, maar moenie kwellings deel maak van die vakansie nie. Daarom moet mens probeer om in 'n ander omgewing te gaan rus. Die moontlikheid van rus in ons eie omgewing is baie skraal. Onthou dus die spreekwoord wat sê: 'n Verandering is so goed soos 'n vakansie.

Dra die Puk se naam uit

DIE Sentrale Studenteraad het op 'n onlangse vergadering besluit om 'n beroep te doen op die Pukstudente om in die komende Julie vakansie die kans om die Puk se naam op 'n positiewe wyse uit te dra, ten volle te benut.

Daar is vanjaar ± 6 000 studente op die Puk, wat vanoor die hele land kom. Pukke, ons is almal iets aan ons Alma Mater verskuldig. 'n Positiewe uitdra van die PUK se naam waar julle ook al kom en met wie julle ook al in aanraking kom, kan baie goeie dinge aan ons laat toeval. Dink maar aan die matrikulant of diensplig tige wat nog wik en weeg of hy/sy gaan studeer en waar dit sal geskied.

Daar is inderdaad baie dinge wat die PUK bied: dink maar aan ons unieke kampus — en koshuislewe, die gesellige plattelandse atmosfeer van akkerbome en die Bult, die moderne akademiese- en sportgeriewe en les bes die geleentheid om in die lig van Gods Woord wetenskap (en nie-wetenskap) te beoefen. Dit is inderdaad 'n mondvol, en 'n smaaklike dis om aan enige honger soeker na *ware* studentelewe voor te sit.

Pukke, 'n Universiteit is slegs wat sy studente daarvan maak: en die PUK is die gróótse en beste plek in die land!

Ons wéét dit — maar moet nou nie selfsugtig wees en dit net vir jouself hou nie — sê dit ook aan ander. Daaruit kan die PUK net voordeel trek en tot op 'n gerieflike studentetal groei in hierdie dae van inflasie en prysverhogings. Daarom, lekker vakansie hou — en onthou: jy is 'n waardige ambassadeur van jou Alma Mater!